# St. Daniel Comboni

## 10 Oktober



(1831-1881 )

Hierdie groot sendeling in Afrika en stigter van die Comboni Sendelinge van die Hart van Jesus en die Comboni Sendingsusters is aan die Garda-meer in die noorde van Italië gebore. Hy word in 1854 priester gewy vir die bisdom Verona en in 1857 as sendeling na die Soedan gestuur. Sy benadering tot sendingwerk was vars en baie belangrik. Hy het die plaaslike bevolking as volwassenes behandel en geglo dat 'Afrika deur Afrika' geëvangeliseer moet word. Hy het die slawehandel beveg en die inheemse kulture en tale met respek behandel. Hy word in 1872 aangestel as apostoliese gesant vir Midde-Afrika en in 1877 gewy as biskop van Khartoem. Hy het gesê: "As sendelinge moet ons dit in gedagte hou dat ons eintlik maar net stene is wat ondergronds lê en miskien nooit die lig sal sien nie, maar deel sal wees van die fondament van 'n reuse nuwe gebou.

© Die Oratorium Uitgewery